# LAERSKOOL BOEREFORT PROSPEKTUS 2026

De Beerstraat 325,
Wonderboom-Suid, 0084

Posbus 31619,
Wonderboompoort, 0033

**Tel:** 012 335 2841

**d6 Communicator:** Laerskool Boerefort

**Webblad:**
www.boerefort.co.za



**Facebook:**
Laerskool Boerefort

| **E-pos:** | | |
|---|---|---|
| | Algemeen: | boeries@boerefort.co.za |
| | Skoolhoof: | hoof@boerefort.co.za |
| | Gr 1-7 Finansies: | finansies@boerefort.co.za |
| | Gr R Rekeninge: | rekeninge@boerefort.co.za |
| | Administratief: | admin@boerefort.co.za |
| | Ontvangs: | ontvangs@boerefort.co.za |
| | Klagtes: | klagtes@boerefort.co.za |
| | Nasorgsentrum: | naskool@boerefort.co.za |

## INHOUDSOPGAWE


| | ONDERWERP | bl. |
|---|---|---|
| 1 | Verwelkoming | 3 |
| 2 | Geskiedenis van Laerskool Boerefort | 3 |
| 3 | Missie en Visie | 3 |
| 4 | Simboliek van die Wapen en Leuse (asook skoollied) | 3 |
| 5 | Skoolkalender | 4 |
| 6 | Skoolure | 4 |
| 7 | Skooldrag: Dogters en Seuns | 4 |
| 8 | Skoolreëls: Hare, juwele en versiersels, | 5 |
| 9 | Inskrywings | 6 |
| 10 | Skoolverlating | 7 |
| 11 | Telefoon en Adresverandering | 7 |
| 12 | Afwesighede | 7 |
| 13 | Skoolgeld | 7 |
| 14 | Oueromsendbriewe | 7 |
| 15 | Ouerbetrokkenheid | 7 |
| 16 | Ouer- en Inligtingsaande | 7 |
| 17 | Gehoorsaamheid en Selfstandigheid | 7 |
| 18 | Liefdadigheid | 8 |
| 19 | Nasorgsentrum | 8 |
| 20 | Vakansiesorg | 8 |
| 21 | Huiswerk | 8 |
| 22 | Eksamen en Toetse | 8 |
| 23 | Merk van eiendom | 8 |
| 24 | Skryfbehoeftes Gr R – Gr 7 | 8 |
| 25 | Graad R | 13 |
| 26 | Buitekurrikulêre Aktiwiteite | 13 |
| 27 | Meriete Toekennings | 13 |
| 28 | Gedragskode: Boerie-ondersteuners | 13 |
| 29 | d6 Communicator Installasie instruksies | 14 |

## 1. VERWELKOMING

Aan al ons ouers en leerders, hartlik welkom. In besonder, welkom aan elke nuwe ouer en ons Gr 1 leerders. Ons vertrou dat almal gou tuis sal voel, dat daar geen probleme sal wees nie en dat ‘n hegte fondament vir die toekoms gelê sal word. Mag ons ware vennote wees.

## 2. GESKIEDENIS VAN LAERSKOOL BOEREFORT

Boerefort is ‘n skool aan die voet van die Magaliesberg. Die skool is vernoem na die “Boerefort” bo-op die berg. Hierdie pragtige skool wat as ‘n skool met min getalle begin het, het baie besondere hoogtepunte en is beslis een van die top skole in die Moot. Gestig 28 Julie 1953.
Hier word in alle behoeftes van elke kind wat aan ons toevertrou word voorsien, sodat ons hulle in hul totaliteit kan ontwikkel volgens ons Godgegewe opdrag. Ons streef om elke kind op akademiese, kulturele en sportgebied gebalanseerd en gelukkig te laat ontluik tot Sy eer.
Soos ons leuse “Waak en Werk” word die nuutste tegnologie en leermetodes toegepas onder leiding van ons hoof, Mnr Ben Fourie en ‘n bekwame en kundige onderwyskorps. Ons is ‘n skool met sterk morele waardes en erken alle gelowe soos voorgeskryf deur die land se grondwet.

## 3. VISIE EN MISSIE

### Visie:

“Laerskool Boerefort streef daarna om die voorkeur laerskool in die Moot te wees en ons wil verseker dat ons Boerie lewenswaardes, kennis, onderrig en vaardighede aan die leerder sodanig oorgedra sal word dat die kind sy of haar volle potensiaal sal ontwikkel op akademiese-, sport-, kulturele- en emosionele gebied.”

**Missie**: Ons wil ons missie doelgerig bereik deur:

- Hoë geestelike norme en –waardes te handhaaf;
- Al die belangrikste belangegroepe (leerders, ouers en personeel) se menswaardigheid te respekteer;
- Gelyke geleenthede aan elke leerder te bied;
- ‘n Eie besondere karakter en tradisie te handhaaf;
- Te verseker dat gehalte onderrig en hulpverlening elke dag in die klas plaasvind
- Altyd die kind eerste te stel;
- Effektiewe ouer- en gemeenskapsdeelname te verseker;
- Die werwing, ontwikkeling en behoud van gehalte personeel;
- Die effektiewe en professionele bestuur en beheer van die skool

## 4. SIMBOLIEK VAN DIE WAPEN EN LEUSE

Die skool se leuse: **Waak en Werk** illustreer waarom ons primêr by die skool is.
Die simboliek van die skoolwapen is:
Die **Jakarandablom**: Ons is in Pretoria en daar is groei by die skool.
Die **Goue Son:** Wat opkom stel ontwikkeling van die kind voor. Daar is ‘n toekoms in ontwikkeling.
Die **Stene:** Stel die fort voor. Dit sluit by die leuse aan dat ons moet waak teen die negatiewe en biddend moet werk aan die goeie wat ons wil ontwikkel.

**DIE SKOOLLIED**

As baken op die berg se kruin
Kan jy die landskap rondom jou oorskou.
Jy was ‘n vesting in die tyd van nood,
Waarin die burgers biddend wag moes hou.
Die poorte van die stad moes jy bewaak
Totdat die ongelyke stryd sou staak.
Ons skool is trots om voort te bou
Te waak, te bid en steeds te werk.
Jou naam in ere hoog te hou.
Jou voorbeeld maak ons moedig sterk.
Saam sal ons stry en bid en vra,
Dat Hy ons daagliks voort sal dra.
Laerskool Boerefort
Ons sal waak en werk, werk en waak.

## 5. SKOOLKALENDER 2026

| | OPEN | SLUIT |
|---|---|---|
| **1** | (12) 14 Januarie 2026 | 2 Maart 2026 |
| **2** | 8 April 2026 | 2 Junie 2026 |
| **3** | 21 Julie 2026 | 23 September 2026 |
| **4** | 6 Oktober 2026 | 9 (11) Desember 2026 |

## 6. SKOOLURE 2026

**Aankoms**: **Die skool begin vir alle leerders om 7:20**
**Gr R verdaag daagliks 13:15**
**Gr 1 en 2 verdaag Maandae tot Vrydae om 13:15**
**Graad 3 verdaag Maandae tot Donderdae om 13:30 en Vrydae om 13:15**
**Gr 4 tot 7 verdaag Maandae tot Vrydae om 13:30**

## 7. SKOOLDRAG

7.1 DOGTERS:

Skoene: Standaard swart met een bandjie oor voetbrug of standaard swart rubbersool / toerygskoene. Somer opsioneel.
Kouse: Kort groen of wit sokkies
Trui: <u>Bottelgroen</u> skooltrui / pull over / Skoolbaadjie met wapen
Serpe: In die winter, slegs wit of bottelgroen
Drag: <u>Somer</u>: Geruite broekrompie en gholfhemp
<u>Winter</u>: Grys langbroek (nie sweetpakbroek nie) met wit langmou hemp

7.2 SEUNS:

Skoene: Standaard swart rubbersool toerygskoene. Somer opsioneel
Kouse: Grys kniekouse
Broek: Standaard gordlose grys wasbare kortbroek in die somer.
Grys wasbare langbroek + swart gordel in die winter (nie sweetpakbroek nie)
Hemp: <u>Somer</u>: grys kortmouhemp.
<u>Winter</u>: grys langmouhemp.
Trui: <u>Bottelgroen</u> skooltrui / pull over / Skoolbaadjie met wapen

7.3 RIGLYNE VIR DIE DRA VAN SKOOLDRAG:

- Skooldrag mag nie met ander klere gemeng of gedra word nie, bv. windbrekerbaadjie, plakkies, hoedjies, ens.
- Langbroeke mag nie sonder skoene gedra word nie.
- Truie se moue mag nie opgetrek word nie.
- Amptelike skoolaktiwiteite moet in die korrekte skooldrag bygewoon word.
- Geen hempies mag onder 'n oopslaankraag gedra word nie.
- Geen handtekeninge, slagspreuke, ens. mag op skoolklere aangebring word nie.
- Serpe: slegs wit of bottelgroen. Geen hoede / pette nie.
- "Boxer shorts" mag nie uitsteek nie.
- Skoolhemde moet te alle tye ingesteek wees, ook na skool en op straat.
- <u>Skoolsweetpak</u> mag slegs gedra word tydens sportbyeenkomste.

**<u>SPORT / LO KLERE</u>**

**Hierdie klere bestaan uit 'n broekie en top**. Dit is die atletiektop **OF** 'n gholfhempie en broekie. Alle leerders moet dit dra tydens LO / KDA. Aankope: by die skoolverskaffers

7.4 LEWERANSIERS

- Select Uitrusters: H/v Steadlaan & Soutpansbergweg, Tel: 012 333 3319
- Silver Cross: Eeufeesstraat 248, Pretoria-Noord Tel: 012 546 6525
- Totiusdal Handelshuis: Codonialaan, Waverley. Tel: 012 332 0016
  KLEREWINKEL op Skoolterrein

7.5 KLEREBANK
Ons skool het ‘n klerebank waar tweedehandse skooldrag verkoop word indien daar voorraad is.
Vir verdere navrae kontak die skoolkantoor.

7.6 VERJAARSDAE
‘n Leerder mag op sy/haar verjaarsdag gewone klere aantrek. Skoolreëls geld steeds t.o.v. hare, juwele en grimering. Indien u eetgoed stuur vir die klas, stuur asb. kolwyntjies of lekkergoedpakkies.

7.7 GEWONE KLERE OP SPESIALE DAE
Soms word spesiale dae gevier deur die vergunning om gewone klere te dra in ruil vir ‘n donasie.
Skoolreëls geld t.o.v. hare, juwele en grimering. Geen hoëhakskoene, handsakke en pette/hoede nie.

## 8. SKOOLREëLS: Slegs ‘n opsomming

8.1 HARE:
**Dogters:**
Geen “punk” style, olie, gel ens. nie. Geen haarkleursel, tinte, sonbleikmiddels nie. Kuiwe moet vasgesteek word. Hare moet na agter vasgesteek of gebind word indien dit aan die kraag raak.
Bykomstighede in hare: Slegs wit of bottelgroen.
**Seuns:**
Hare moet kort wees, mag nie oor die ore of kraag hang nie. Geen “punk”-style, asook olie, gel, ens. om hare in posisie te hou nie. Geen kleursel nie.

8.2 JUWELE EN VERSIERSELS:
**Dogters:**
- Oorbelletjies: Klein knoppies of oorringetjies.
- Geen grimering, gekleurde “Lip Ice” of “Lip gloss” nie.
- Geen hangertjies of armbande (slegs SOS) (ook vir Seuns)
- Naels moet kort wees, geen kleur / naellak nie.

**Seuns**:
Geen juwele, hangertjies, oorringe of armbande (slegs SOS)

8.3 AANTREEVLAK:
Tree betyds aan in stilte volgens registerklasse en lengte (Kortste leerder staan voor).

8.4 SAAL
Leerders stap in rye, ordelik en in stilte saal toe. Geen gesels met ‘n maat nie.
Moenie vroetel nie, luister aandagtig. Spontane handeklap word toegelaat, geen gefluit of ritmiese geklap nie.

8.5 STOEPE
- Niemand mag op die stoepe hardloop nie. Klasse stap agtermekaar en in enkelgelid.
- Geen leerder mag aan ‘n tas peuter wat nie sy eie is nie.

8.6 SPEELTERREINE:
- Hou terrein skoon van papiere en ander afval.
- Speletjies soos “giffie”, “pea-shooters”, BB-gewere, ketties en ander gevaarlike speletjies is verbode. Geen messe of ander gevaarlike artikels by die skool nie.
- Geen bakleiery, gevloek of boelie nie.
- Geen leerder mag klippe of gevaarlike voorwerpe gooi nie.
- Geen private ontmoetings met ouers of ander persone gedurende pouses nie.
- Geen leerder mag sonder toestemming die skoolterrein in skooltyd verlaat nie.
- Daar moet onmiddellik op die skoolklok reageer word.
- Geen leerder mag ‘n ander leerder se skooltas of sak wegsteek nie.
- Geen leerder mag sonder toesig in ‘n klaskamer gedurende pouse wees nie.

8.7 FIETSE:
- Fietse moet op die terrein gestoot word, veral op die stoepe, ook na skoolure.
- Peuter aan fietse sal nie geduld word nie. Fietse moet vasgesluit word.

8.8 KLASKAMERS:

- Geen leerder mag sonder toesig gedurende pouse of na skool in ‘n klas of die skoolsaal wees nie.
- Geen krappery op tasse, banke of skryfbord nie.
- **Geen selfone mag gedurende klastyd sigbaar wees of aangeskakel wees nie. Dit word gekonfiskeer indien die reël verontagsaam word.**
- Geen kos of koeldrank mag tydens klastyd geëet of gedrink word nie.

8.9 STIPTELIKHEID

- Leerders moet **voor 7:20** op die skoolterrein wees. Om 7:20 word die hekke gesluit.
- Wees stiptelik vir sportaktiwiteite en kulturele aangeleenthede.

8.10 KANTOORBESOEK

- Indien die hoof gespreek moet word, **vra eers toestemming** by die sekretaresse.
- Alleenlik in ernstige gevalle mag ‘n maat ‘n siek leerder vergesel kantoor toe.

8.11 KLEEDKAMERS

- Geen kos en koeldrank in ons kleedkamers nie.
- Kleedkamerbesoeke word beperk tot pouses, tensy jy verlof het van ‘n opvoeder.

8.12 BUITE SKOOLTERREIN

- Geen bakleiery buite skoolhekke of om die skool nie.
- Terwyl jy skooldrag aanhet, is jy gebind aan die skoolreëls, maak nie saak waar jy jou bevind nie.
- Die skolierpatrollie moet ten alle tye gehoorsaam word.
- Geen leerder mag op die sypaadjie vir ouers wag nie, bly altyd binne die terrein.

8.13 SNOEPWINKEL

- Alle papiere, sakkies, bottels en blikkies moet in asblikke gegooi word.
- Moenie op stoepe hardloop om by die snoepie te kom nie.
- Sodra die klok lui na pouse moet jy klas toe gaan, die snoepie sluit dadelik.

8.14 EETGOED

- Kougom is verbode binne die skoolgrense, ook voor- en na skool.
- Geen toebroodjies of enige kos mag in asblikke weggegooi word nie. As jy self nie honger is nie, neem terug huis toe al het dit op die grond geval.

8.15 MANIERE

- Wees beleefd teenoor almal; Maats, opvoeders, ouers en werkers.
- Wees hulpvaardig.
- Maak persoonlik verskoning indien jy nie aan ‘n aktiwiteit kan deelneem nie. Jy mag nie ‘n boodskap stuur of net wegbly nie.

8.16 TASSE

Geen skouersakke word toegelaat nie. Tasse moet afskortings hê.

8.17 SLUITKASTE (“Lockers”)

140 Sluitkaste is jaarliks beskikbaar. Gedurende November kan leerders bespreek vir die volgende jaar by Mev Linda Minnaar. Die eerste 140 leerders wat betaal het, sal ‘n sluitkas kry.

8.18 SELFONE:

**Selfone moet gedurende die skooldag afgeskakel en gebêre word.**
Die skool neem geen verantwoordelikheid vir verlore selfone nie.
Geen kind mag ‘n selfoon in die klaskamer gebruik nie.

# 9. INSKRYWINGS

* Ingevolge reg. 2 (b) (ii) van Openbare Skole is ‘n kind skoolpligtig in die jaar waarin hy/sy 7 jaar oud word. Geen uitstel mag meer aan enige kind gegee word nie.

* By eerste toelating moet die nodige vorms by die administratiewe kantoor bekom word. Na voltooiing moet ‘n geboortesertifikaat / identiteitsdokument getoon word. Indien, vanaf ‘n ander skool, moet ‘n rapport en oorplasingskaart ook ingegee word.

## 10. SKOOLVERLATINGS

**Ouers doen self aansoek vir ‘n Oorplasingskaart by die kantoor.** Dit word op die kind se laaste skooldag uitgereik. Die kantoor moet weet by watter skool gaan die kind ingeskryf word. Alle boeke wat aan die skool behoort moet ingehandig word. Die leerder moet self sy/haar skrifte by die opvoeders gaan afhaal. Indien ‘n rekening agterstallig is moet die ouer dit met die finansiële kantoor gaan bespreek.

## 11. TELEFOON- EN ADRESVERANDERING

**Stel die kantoor in kennis van enige verandering.**

## 12. AFWESIGHEDE

Afwesighede is nie goed vir ‘n kind se skolastiese vordering nie. Slegs indien ‘n kind werklik siek is mag hy/sy tuisbly. ‘n Siekebriefie word vereis sodra die kind terug is. Moet asseblief nie werklike siek kinders skool toe stuur nie, veral tydens aansteeklike siektes, soos pampoentjies, waterpokkies ens. Dit is teen die skolewet om enige medikasie by die skool aan te hou.

## 13. SKOOLGELD vir 2026

- Skoolgelde word vasgestel met die Algemene Jaarvergadering.
- Skoolgelde is ten volle betaalbaar op die eerste skooldag van 2026 of met inskrywing. maar ´n afbetalingsooreenkoms kan aangegaan word met L/S Boerefort.

**GRAAD R TOT 7 SKOOLGELD:**

- R16 400.00 per jaar (R1 640 x 10 maande vanaf einde Januarie tot einde Oktober 2026.
- Skoolgelde word gehef ongeag die skoolvakansies - u moet steeds dié maande betaal.

**AFSLAG:**

Indien skoolgelde maandeliks, vooruit, op datum betaal is en die uitstaande balans vir die jaar teen 30 April 2026, is u geregtig op afslag van 8,5% = R1 390 (afgerond).

**AANSOEK VIR SUBSIDIE:**

Vra gerus vir die nodige vorms by die finansiële kantoor.
Agterstallige gelde van 90 dae en meer word oorgegee aan invorderaars.

## 14. OUEROMSENDBRIEWE: **Vrydae d.m.v. d6 Communicator en e-pos.**

## 15. OUERBETROKKENHEID

Ter wille van u kind is dit baie belangrik dat ouers en opvoeders baie nou sal saamwerk. Ouers speel ‘n integrale rol as deel van die opvoedingspan. U as ouer moet aktief belangstel. Vra u kind uit na sy doen en late. Skakel in by die skool se aktiwiteite, komitees en woon ons funksies, oueraande en vergaderings by. Dit is van onskatbare waarde vir u kind.
**Indien u enige probleme ondervind, maak met vrymoedigheid ‘n afspraak met die hoof en/of onderwyser/es.**

## 16. OUERAANDE / INLIGTINGSAANDE

Ons het ‘n oueraand vir ouers gedurende die 1ste kwartaal. Verder is daar twee geleenthede in April en Augustus waar ouers genooi word om die kind se skolastiese vordering te bespreek. Woon asseblief die oueraande by. Dit is ter inligting van u kind se vordering. Maak seker u parafeer gereeld u kind se skrifte.

## 17. GEHOORSAAMHEID EN SELFSTANDIGHEID

‘n Belangrike doelstelling van opvoedende onderwys, is om die kind te lei na selfstandigheid. Dit kan die taak van die opvoeder verlig as ouers ook by die huis die kind leer om takies self te verrig. ‘n Algemene verskynsel is dat ons kinders eers reageer op ‘n opdrag, nadat dit 3 tot 4 maal herhaal is. Help ons deur u kind te leer om op die eerste versoek te reageer.

## 18. LIEFDADIGHEID

Deur die loop van die jaar samel ons geld in vir liefdadigheid. Dit is vir ons eie behoeftige kinders. Moedig u kind aan om 'n deeltjie van sy/haar sakgeld hiervoor te skenk in belang van ons skool se omgee-gesinne.

## 19. NASORGSENTRUM - **Adri Snyman** - **060 794 7852**

- R11 400.00 per jaar (R950.00 x 12 maande) – **Vooruitbetaalbaar op die 1ste van elke maand.**
- Registrasiefooi van R150.00 met inskrywing.
- Alle gelde is streng vooruit betaalbaar oor 12 maande vanaf 1 Januarie tot en met 1 Desember
- Indien die gelde nie vereffen is nie sal u kind onmiddelik die naskool moet verlaat totdat die volle rekening vereffen is.
- Gelde sluit in ligte middagete en vakansiesorg.

## 20. VAKANSIESORG

Gratis sorg word aangebied vir leerders in die Nasorgsentrum, tydens vakansies, mits gelde op datum betaal is. Etes ingesluit vir Nasorgsentrum-leerders. Dié diens word ook aangebied vir ander leerders wat nie in die Nasorgsentrum is nie teen addissionele vergoeding (etes uitgesluit). Dagtariewe tydens vakansies vir nie-Nasorgsentrumleerders:

Voldag (06:00 – 17:30) R80.00 per da

g met middagete

Vorms is voor elke vakansie beskikbaar.

## 21. HUISWERK

In die Grondslagfase kry leerders Maandag tot Donderdag huiswerk wat in die huiswerkboek gedoen word. Sien asb toe dat alle werk gedoen word. Ouers moet daarby parafeer.
In die Intersenfase sal leerders daagliks huiswerk ontvang wat die volgende insluit: naslaanwerk, mondeling en skriftelike take, navorsing en die voltooiing en afronding van klaswerkopdragte.

## 22. EKSAMEN EN TOETSE

Grondslagfase: Deurlopende assessering. Intersenfase: Toetsdatums word betyds gegee.
Program is op die Jaaralmanak aangedui. Formele eksamen word in Junie en November geskryf.

## 23. MERK VAN EIENDOM

**Alle klere, kosblikke, skryfmateriaal ens. moet duidelik gemerk wees. Indien u kind met 'n onbekende artikel by die huis aankom, stuur dit asseblief terug.**

## 24. SKRYFBEHOEFTES

| **GRAAD R** | |
|---|---|
| **R50 per kwartaal vir bak en brou** | |
| **Merk asseblief alle items met jou kind se naam op:** | |
| 4 x wetwipes (1 per kwartaal) | Flip file met 10 bladsye |
| 4 x 40g Pritt | 2 pakke lekkers (geen toffies of suigstokkies) |
| 4 x "ou" tydskrifte | Stoelsakkie |
| 2 Bokse tissues | 4 x rieme wit afrolpapier 80gr Typek asb. |
| 4 x pakkies uitdraaivetkryt (1 per kwartaal) | 50 helder kleur kartonne (enige kleur/e) |
| 2 x Ponal gom | 2 x plastiek koeverte (carry folders) |
| 2 x A4 "17mm Margain Speckled (72bl.) | 2 x legkaarte (12 & 24 Stuk) |
| 2 x Grys HB potlood | 4 x toiletpapier per kwartaal |

| GRAAD 1 | GRAAD 2 |
|---|---|
| **R80 verpligte dagboek** ***(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**3x12 Lang inkleurpotlode (Staedtler/Faber Castell)<br>**30 HB potlode (Faber Castell/Steadtler) – 5 per kwartaal<br>**4 x Uitveërs<br>**Bakkie skerpmaker<br>**4 x 40g Pritt<br>**100 A4 gekleurde karton<br>**1 x 30 'flip file'<br>**1 x 50 'flip file'<br>**Klein skêr wat materiaal kan knip<br>**Pennesakkie van materiaal (NIE SPACE CASE NIE)<br>**A4 - witbord met uitveër<br>**8 Witbordpenne<br>(2 per kwartaal)<br>**Denim stoelsak<br>**2 x bokse snesies (Tissues)<br>**4 x rolle toiletpapier per kwartaal<br>**1 x pakkie pleisters<br>**2 Liter roomyshouer om ekstra skryfbehoeftes in te bêre<br>**1 x Carry folder (plastiek)<br>**1 x Denim- of Materiaalsak met ritssluiter en handvatsels om boeke in tas te plaas<br>**2 x 12 Uitdraaivetkryt<br>**4 Rieme A4 80gr wit afrolpapier <u>Typek</u> asb.)<br>**Inkleurboek<br><u>HUISWERKBOEKE</u>:<br>8 x A4 Waterlyne 72 bl.<br>8 x A4 blokkies boek 72 bl.<br>**20 x A4 dik plastiese aanglip boekoortreksels<br>**Skenk asb 'n Lekker Leesboekie vir Gr1<br>**1 x springtou | **R80 verpligte dagboek** ***(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**3x12 Lang inkleurpotlode (Staedtler/Faber Castell)<br>**30 HB potlode (Faber Castell/Steadtler)<br>**4 x Uitveërs<br>**Bakkie skerpmaker<br>**Liniaal - 30 cm (WAT NIE KAN BUIG NIE)<br>**4 x 40g Pritt<br>**20 x A4 gekleurde papier<br>**50 x A4 pastel kleur karton<br>**2 x 50 bl 'flip file'<br>**Klein skêr wat materiaal kan knip<br>**Pennesakkie van materiaal (NIE SPACE CASE NIE)<br>**A4 - witbord met uitveër<br>**8 Witbordpenne<br>(2 per kwartaal)<br>**2 x bokse snesies (Tissues)<br>**4 x rolle toiletpapier per kwartaal<br>**2 x Carry folders<br>**1 x Denim- of Materiaalsak met ritssluiter en handvatsels om boeke in tas te plaas<br>**2 x 12 Uitdraaivetkryt<br>**4 Rieme A4 80gr wit afrolpapier <u>Typek</u> asb.<br><u>HUISWERKBOEKE</u>:<br>**8 x A4 - 72 bl. Ierse lyn boeke<br>**8 x A4 - 72 bl. Waterlyne<br>**8 x A4 blokkies boek<br>**20 x A4 dik Plastiese aanglip boekoortreksels<br>**1 pakkie Oliepastelle<br>**Skenk asb 'n Lekker Leesboekie vir Gr 2<br>A5 Index boek (A-Z) |

| GRAAD 3 | BOERIEKLAS |
| --- | --- |
| **R80 verpligte dagboek *(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**4x12 Lang inkleurpotlode (Staedtler/Faber Castell)<br>**30 HB potlode (Faber Castell/Steadtler)<br>**4 x Uitveër<br>**Bakkie skerpmaker<br>**Liniaal - 30 cm (WAT NIE KAN BUIG NIE)<br>**4 x 40g Pritt<br>**50 A4 helder kleur karton<br>**1 x 30 'flip file'<br>**1 x 20 'flip file'<br>**Klein skêr wat materiaal kan knip<br>**2 x blou penne<br>**Pennesakkie van materiaal (NIE SPACE CASE NIE)<br>**A4 - witbord met uitveër<br>**8 Witbordpenne<br>(2 per kwartaal)<br>**Denim Stoelsak<br>**2 x Snesies (Tissues)<br>**4 x rolle toiletpapier per kwartaal<br>**1 x Denim- of Materiaalsak met ritssluiter en handvatsels om boeke in tas te plaas<br>**4 Rieme A4 80gr wit afrolpapier Typek asb.<br>HUISWERKBOEKE:<br>8 x A4 - waterlyne dik swart hardeband boek met rooi rugkant. (oorgetrek met enige papier) vir HUISWERK<br>**20 x A4 dik plastiese aanglip boekoortreksels<br>2 x A4 Hardeband blokkies boek 72 bl<br>2Liter roomyshouer<br>50-stuk legkaart<br>**2 x Koekies seep | **R80 verpligte dagboek *(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**2x12 Lang inkleurpotlode (Staedtler/Faber Castell)<br>**20 HB potlode (Faber Castell/Steadtler – nie GEEL potlode nie asb.)<br>**4 x Uitveërs<br>**Bakkie skerpmaker<br>**Liniaal - 30 cm (WAT NIE KAN BUIG NIE)<br>**2 x 40g Pritt<br>**1 x 30 'flip file'<br>**Klein skêr<br>**Pennesakkie van materiaal (NIE SPACE CASE NIE)<br>**A4 - witbord met uitveër<br>**8 Witbordpenne (2 per kwartaal)<br>**Denim stoelsak<br>**1 x boksie snesies (Tissues)<br>**4 x rolle toiletpapier per kwartaal<br>**1 x Carry folder<br>**2 x 12 Uitdraaivetkryt<br>**4 Rieme A4 80gr wit afrolpapier Typek asb.<br>**1 x denimsak met rits-sluiter om boeke in tas te vervoer<br>**20 x A4 dik plastiese aanglip boekoortreksels<br>**50 x A4 helder gekleurde karton<br>**1 x roomyshouer<br>8 x A4 72bl waterlyn skrifte<br>8 x A4 72bl blokkies skrifte<br>4 x A4 Ierse lyn skrifte<br>**Dik swart hardeband-boek met waterlyne |

| GRAAD 4 | GRAAD 5 |
| --- | --- |
| **R80 verpligte dagboek *(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**VERPLIGTEND  Trek alle skrifte met goeie plastiek oor en alle handboeke met DC-fix of dik plastiek<br>**24 Inkleurpotlode<br>**6 blou penne<br>**10 gekleurde penne<br>**Pennesakkie van material (nie harde kassie nie)<br>**Liniaal, skêr, gom, uitveër, skerpmaker<br>**HB Potlode vir die hele jaar<br>**10 gekleurde papier of karton<br>**4 Rieme wit papier 80gr Typek asb.<br>**1 x 20 flip file<br>**2 x bokse snesies (Tissues)<br>**4 x pakkies pleisters<br>**4 x rolle toiletpapier per kwartaal<br>**Materiaal sakke om handboeke in te bewaar<br><br>**Ouers koop self skrifte:<br>1 x A4 72bl Hardebandboek met blokkies vir Wiskunde<br>5 x A4 72bl lyntjies skrifte (Hardeband opsioneel)<br>3 x A4 96bl A4 lyntjies hardebandboek<br>1 x A5 A-Z index hardebandboekie (vir Engels)<br><br>Kwartaal 1:  Gekleurde papier<br>Kwartaal 2:  Koki's<br>Kwartaal 3:  Pastelle<br>Kwartaal 4:  Koki's<br><br>AFRIKAANS   1 x Afrikaanse leesboek<br>Tydskrifte – Afrikaans<br><br>ENGELS   1 x Engelse leesboek  (Standaard Gr. 4)<br>2 x Engelse tydskrifte | **R80 verpligte dagboek *(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**VERPLIGTEND  Trek alle skrifte met goeie plastiek oor en alle handboeke met DC-fix of dik plastiek<br>**24 Inkleurpotlode<br>**6 blou penne<br>**10 gekleurde penne<br>**Pennesakkie van material (nie harde kassie nie)<br>**Liniaal,  skêr,  gom,  uitveër, skerpmaker<br>**HB Potlode vir die hele jaar<br>**10 gekleurde papier of karton<br>**4 Rieme wit papier 80gr Typek asb.<br>**1 x 20 flip file<br>**2 x bokse snesies (Tissues)<br>**4 x rolle toiletpapier per kwartaal<br>**4 x pakkies pleisters<br>**Materiaal sakke om handboeke in te bewaar<br><br>**Ouers koop self skrifte:<br>1 x A4 192bl boek met blokkies vir Wiskunde<br>3 x A4 92bl lyntjies skrifte (Hardeband opsioneel)<br>4 x A4 192bl lyntjies hardebandboek<br>A5 A-Z index hardebandboekie (vir Engels)<br>**1 x Quotation file<br><br>KUNS<br>Kwartaal 1:  Pastelle<br>Kwartaal 2:  Koki's<br>Kwartaal 3:  Pastelle<br>Kwartaal 4:  Koki's<br><br>AFRIKAANS   Leesboek<br><br>ENGELS   1 Engelse leesboek per kwartaal |

| **GRAAD 6** | **GRAAD 7** |
|---|---|
| **R80 verpligte dagboek *(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**VERPLIGTEND Trek alle skrifte met goeie plastiek oor en alle handboeke met DC-fix of dik plastiek<br>**24 Inkleurpotlode<br>**6 blou penne<br>**10 gekleurde penne<br>**Pennesakkie van material (nie harde kassie nie)<br>**Liniaal, skêr, gom, uitveër, skerpmaker<br>**HB Potlode vir die hele jaar<br>**10 gekleurde papier / karton (vir klasopdragte)<br>**4 Rieme wit papier 80gr <u>Typek</u> asb.<br>**1 x 20 flip file<br>**2 x bokse snesies (Tissues)<br>**4 x rolle toiletpapier per kwartaal<br>**4 x pakke pleisters<br>**Materiaal sakke om handboeke in te bewaar<br>**Passer + gradeboog (passerstel eers in Gr 7)<br><br>**Ouers koop self skrifte:<br>6 x A4 192bl Hardebandboek<br>1 x A4 Hardebandboek met blokkies vir Wiskunde<br>A5 A-Z index hardeboekboekie (vir Engels)<br><br><u>KUNS</u><br>Kwartaal 1: Gemaakte klei<br>Kwartaal 2: Koki’s<br>Kwartaal 2: Gemaakte Klei<br>Kwartaal 4: Koki’s<br><br><u>AFRIKAANS</u><br>Afrikaanse tydskrifte<br>1 x Jaco Jacobs of Fanie Viljoen leesboek (Gr. 6 vlak)<br><br><u>ENGELS</u><br>1 Engelse leesboek (Gr. 6 vlak) vir hele jaar | **R80 verpligte dagboek *(koop by voogopvoeder)***<br><br>**Merk asb. items met jou kind se naam op:**<br>**VERPLIGTEND Trek alle skrifte met goeie plastiek oor en alle handboeke met DC-fix of dik plastiek<br>**VERPLIGTEND- Klein woordeboek in tas<br>**24 Inkleurpotlode<br>**6 blou penne<br>**10 gekleurde penne<br>**Pennesakkie van material (nie harde kassie nie)<br>**Liniaal, skêr, gom, uitveër, skerpmaker<br>**HB Potlode vir die hele jaar<br>**4 Rieme wit papier 80gr <u>Typek</u> asb.<br>**1 x 20 flip file<br>**2 bokse snesies (tissues)<br>**2 rolle toiletpapier per kwartaal<br>**4 x pakkies pleisters<br>**Materiaal sakke om handboeke in te bewaar<br>**Passerstel EN Sakrekenaar<br>**Lyntjiespapier gepons met twee gaatjies (*A4 Exam pads*) **per kwartaal** (vakke LO/NW/PSW)<br><br>**Ouers koop self skrifte:<br>1 x A4 196bl hardebandboek met blokkies vir Wisk.<br>8 x A4 192bl hardebandboeke (waterlyne)<br>5 x A4 96bl hardebandboeke (waterlyne)<br><br><u>KUNS</u><br>Pastelle en Koki’s vir die hele jaar – 24 van elk<br>Kleurpapier (1 pak met verskillende kleure)<br><br><u>AFRIKAANS</u> 4 x Afrikaanse tydskrifte<br>1 x Afrikaanse leesboek<br>(Jaco Jacobs /Fanie Viljoen / Francois Bloemhoff)<br>10 x gekleurde papier of karton<br><u>ENGELS</u> 2 x Engelse tydskrifte<br>1 x Engelse leesboek<br>(Roald Dahl of Dr Seuss) |

## 25. GRAAD R:

| | |
|---|---|
| **Hekke** | Open: 6:45<br>Sluit: 7:20 |
| **Skooldag begin** | 7:20 |
| **Pouse** | 10:00 (eie kospakkie) |
| **Skooldag eindig** | 13:15 |

## 26. BUITEKURRIKULêRE AKTIWITEITE

***GEBOORTEDATUMS VIR DEELNAME IN 2026***

0/6 = 2020; 0/7 = 2019; 0/8 = 2018; 0/9 = 2017; 0/10 = 2016; 0/11 = 2015;
0/12 = 2014; 0/13 = 2013; 0/14 = 2012

Ons skool bied 'n wye verskeidenheid aktiwiteite aan. Die beoefening van sport is 'n belangrike ontwikkelingshulpmiddel in die gebalanseerde vorming van die kind. 'n Kind se keuse van aktiwiteite moet sodanig wees dat hy/sy genoeg tyd sal hê om te speel. Speel is 'n onontbeerlike deel van sy/haar ontwikkelingsproses.

Oefentye word in ons oueromsendbriewe van Vrydae deurgegee.

**Ons bied die volgende aan**:

- **Atletiek:** Dit vind gedurende die 1ste kwartaal plaas. Die 0/7 atlete neem slegs aan die 60m naellope deel. Vanaf 0/10 neem atlete aan velditems deel.
- **Middelafstande:** Vanaf 0/10 tot 0/13 neem deel aan 1 200m. Daar moet baie vroeg met fiksheid hiervoor begin word.
- **Netbal:** Dit begin na afloop van atletiek. Dogters vanaf 0/10 neem deel aan ligas.
- **Mini-Netbal** 0/7 en 0/9 doen balvaardigheid en voetoefeninge.
- **Madeliefie Netbal** - 0/6 doen balvaardigheid en voetoefeninge.
- **Rugby**: Die rugby begin ook na die atletiekseisoen. Seuns vanaf 0/9 neem deel. Ons het gewoonlik 0/9, 0/10, 0/11, 1ste en 'n 2de span.
- **Bulletjie-Rugby**: Vir die jonger seuns 0/6 – 0/8.
- **Tennis**: Hierdie sport is in die 3de kwartaal op Maandae en Woensdae. Liga wedstryde gewoonlik op Maandae.
- **Krieket**: Dit begin na afloop van die rugbyseisoen. Daar word gewoonlik 5 spanne gekies vanaf 0/9 tot die 1ste span. Ligas word in die 3de kwartaal gespeel.
- **KFC Krieket vir 0/6 – 0/8**: Oefeninge en wedstryde vind plaas gedurende die 3de kwartaal.
- **Hokkie**: Daar is in 2016 begin met oefenspanne vanaf 0/10 om vaardighede aan te leer.
- **Redenaarsaande**: Leerders vanaf Gr 1 kry die geleentheid om hieraan deel te neem. Redevoering is 'n vaardigheid wat ons regdeur ons lewe benut. Elke kind moet deelneem aan 'n klaspraatjie/toespraak wat vir punte tel. Die kinders wat werklik met gemak voor die klas gesels word gekies vir dié aande in die 3de kwartaal. Erkenning word wel gegee tydens meriete toekennings.
- **Konsert/Kersspel**: Ons hou elke tweede jaar 'n pragtige skoolkonsert. Die alternatiewe jaar vind daar 'n puik Kersspel plaas.
- **Skaak**: Ons poog om jaarliks 'n skaakspan in te skryf. Afrigting word aangebied.
- **Gholf**: Afrigting word aangebied deur Mnr Keet vir alle belangstellende spelers. Daar word ook liga gespeel.

## 27. MERIETE TOEKENNINGS

In die 4de kwartaal gee ons aan ons leerders erkenning t.o.v. sport, kultuur en akademie. Dit is 'n spoggeleentheid.

## 28. GEDRAGSKODE: Boerie-ondersteuners

Doelstelling: Om te verseker dat ondersteuners te alle tye 'n goeie beeld van L/S Boerefort uitdra, omdat ondersteuners / ouers 'n belangrike skakel tussen deelnemers, die skool en die publiek is.

**Riglyne**:

- Ondersteuners moet te alle tye positiewe ondersteuning aan deelnemers gee, d.w.s. geen kritiek teenoor spelers of ouers lewer nie.

- **Ondersteuners mag onder geen omstandighede deelnemers tot vuilspel aanmoedig nie.**
- Onder geen omstandighede mag skeidsregters of beamptes gekritiseer, gevloek of aanmerkings oor gemaak word nie.
- Ondersteuners mag onder geen omstandighede by argumente, bakleiery, ens. met ondersteuners, deelnemers van ander skole betrokke raak nie.
- Geen vuiltaal sal langs die sportveld toegelaat word nie.
- Geen alkohol sal langs die sportveld toegelaat word nie. Indien 'n ondersteuner alkohol gebruik en geïdentifiseer word, sal dit aan een van die Beheerliggaamlede gerapporteer word, waarna daardie persoon gevra sal word om die terrein te verlaat.
- Ondersteuners moet te alle tye op die pawiljoen of agter die afsperring sit. Indien ondersteuners versoek word om op die pawiljoen te sit, sal dit van alle ondersteuners verwag word om so 'n versoek na te kom.
- Indien 'n ouer sou opmerk dat leerders hulle skuldig maak aan wangedrag op die sportveld, sal dit van daardie ouer verwag word om sodanige insident onmiddellik aan die betrokke opvoeder / afrigter te rapporteer. Identifisering van die persoon is belangrik.
- Dit word van ouers van L/S Boerefort verwag om hierdie riglyne onder die aandag van besoekende ondersteuners te bring.
- Indien 'n ouer of ondersteuner 'n probleem het wat hy/sy onder die aandag van die skool wil bring, kan hy/sy dit na afloop van die wedstryd of byeenkoms met die afrigter of BL opneem.
- L/S Boerefort se ondersteuners kan 'n positiewe bydrae lewer en 'n groot verskil maak deur bogenoemde na te kom.

## 29. D6 COMMUNICATOR INSTALLASIE INSTRUKSIES:

Kopieër skakel en volg die stappe:
https://d6.co.za/school-communication-apps/

